# Monsanto Sakegedragskode

## 'n Boodskap van ons voorsitter en uitvoerende hoof, Hugh Grant

---

Geagte Monsanto-kollegas

By Monsanto is dit ons visie om meer te produseer, meer te bewaar, en lewens oor die hele wêreld te verbeter. Alles wat ons doen is gebaseer op die visie en ons doen alles in ons vermoë om dit 'n werklikheid te maak.. Maar, 'n sterk verbintenis tot integriteit in al ons sakewerksaamhede word terselfdertyd van ons vereis. Die Monsanto Sakegedragskode is daargestel om ons te help om altyd reg en met integriteit op te tree. Ons het die kode hersien om beter van toepassing te wees op situasies wat ons werknemers daagliks beleef.

Ons sakebesluite het 'n direkte impak op ons klante, sakevennote, aandeelhouers en die gemeenskappe waarin ons woon en werk. Dit beteken dat ons altyd reg moet optree, selfs as ons situasies teëkom waarvoor daar geen spesifieke wette of regulasies is nie. Ons kode help ons om die regte keuses te maak want dit voorsien duidelike instruksies vir gepaste sakegedrag.

Ons kode is net so belangrik as ons verbintenis om dit na te volg. Ek hoop elkeen van u sal moeite doen om ons kode ten volle te verstaan, en om dit in u werk toe te pas. Laat weet ons asseblief van enige probleme of vrae oor die kode, ook as u vermoed die kode word nie nagekom nie.

Dit is elkeen van ons se verantwoordelikheid om met integriteit op te tree en so saam te werk om ons visie te vervul en boere oral in die wêreld te ondersteun.

Dankie vir u toewyding aan ons integriteit, ons maatskappy en ons klante.

Vriendelike groete

Hugh Grant
Voorsitter en uitvoerende hoof van Monsanto Maatskappy

# Inhoudsopgawe


**'n Boodskap van ons voorsitter en uitvoerende hoof, Hugh Grant ..... i**

**Ons belofte ..... v**

**Ons visie vir volhoubare landbou ..... vi**

**Inleiding ..... 1**

Meer oor ons kode ..... 1

Omvang van ons kode ..... 1

Ons verantwoordelikheid volgens die kode ..... 1

Rapportering en nievergelding ..... 2

Ondersoeke ..... 3

Gevolge van wangedrag ..... 3

**Ons verbintenis tot mense ..... 4**

'n Inklusiewe werksplek ..... 4

'n Veilige, gesonde, beveiligde werksomgewing ..... 4

Dwelms en alkohol ..... 4

Geweld in die werksomgewing ..... 5

Respek vir menseregte ..... 5

Persoonlike inligting en privaatheid ..... 6

**Ons verbintenis tot ons vennote, klante en verskaffers ..... 7**

Produkrentmeesterskap ..... 7

Wetenskaplike navorsing ..... 7

Produkintegriteit en -gehalte ........ 7

Regulering ........ 8

Billike markbeginsels ........ 8

Voldoening aan mededingingswette ........ 9

Monsanto en ander maatskappye se vertroulike inligting ........ 9

Handelsverenigings ........ 10

Respek vir privaatheid van vertroulike inligting ........ 10

Verhoudinge met verkopers en klante ........ 10

**Ons verbintenis tot ons maatskappy en aandeelhouers ........ 12**

Vermy belangekonflikte ........ 12

Sakegeskenke en -vermaak ........ 12

Korporatiewe geleenthede ........ 12

Werk buite die maatskappy ........ 12

Om sake te doen met familie en vriende ........ 13

Finansiële belange ........ 13

Beskerm maatskappybates en -inligting ........ 13

Vertroulike en eiendomsregtelike inligting ........ 13

Intellektuele eiendom ........ 14

Gebruik maatskappytegnologieë toepaslik ........ 15

Sosiale media ........ 15

Inligtingsbeveiliging ........ 16

Handhaaf eerlike finansiële rekords ........ 16

Rekordbehouding ........ 17

Akkurate eksterne kommunikasie ........ 17
Geen binnehandel of wenke nie ........ 18
**Ons verbintenis tot ons wêreld ........ 19**
Omgewingsbeskerming ........ 19
Geen omkopery of korrupte praktyke nie ........ 19
Gesondheid- en veiligheidsbetalings ........ 20
Etiese valutatransaksies ........ 20
Voldoening aan Amerikaanse internasionale handelswette ........ 20
Boikotwette ........ 21
Ekonomiese sanksies en verbode partye ........ 21
Gepaste politieke en liefdadigheidsbydraes ........ 22
**Kwytskeldings ........ 23**

# Ons belofte

---

Die Monsanto Belofte is ons verbintenis tot hoe ons sake doen. Dit is 'n verklaring wat ons dwing om beter te luister, om ons dade en die impak daarvan deeglik te oordink, en om verantwoordelik te wees. Dit help ons om ons waardes in dade om te sit en om duidelik te wees oor wie ons is en waarvoor ons staan.

### Integriteit
Integriteit is die grondslag van alles wat ons doen. Integriteit sluit in eerlikheid, ordentlikheid, beginselvastheid en moed. Ons bou op daardie waardes voort en is verbind tot die volgende:

### Dialoog
Ons luister aandagtig na uiteenlopende menings en voer deurdagte dialoog. Ons verbreed ons begrip van probleme sodat ons beter in die behoeftes van die gemeenskap en mekaar kan voorsien.

### Deursigtigheid
Ons maak seker dat inligting beskikbaar, toeganklik en verstaanbaar is.

### Deling
Ons deel kennis en tegnologie met die wêreld om die wetenskap te bevorder, om landbou en die omgewing te verbeter, om oeste te help verbeter, en om boere in ontwikkelende lande te help.

### Voordele
Ons kombineer grondige, vindingryke wetenskap met deurdagte, doeltreffende rentmeesterskap om met hoëgehalte-produkte vorendag te kom wat vir ons klante en die omgewing voordelig is.

### Respek
Ons eerbiedig godsdienstige, kulturele en etniese vraagstukke van mense oor die hele wêreld. Die veiligheid van ons werknemers, die gemeenskappe waarin ons werk, ons klante, verbruikers en die omgewing is ons hoogste prioriteit.

### Rentmeesterskap wat lei tot resultate
Ons is duidelikheid oor ons rigting, rol en aanspreeklikheid, ons bou sterk verhoudings met ons klante en buitevennote, ons neem verstandige besluite, ons hou toesig oor ons maatskappy se hulpbronne, en ons aanvaar verantwoordelikheid om ooreengekome resultate te behaal.

### 'n Aangename werksplek
Ons strewe na 'n verskeidenheid in personeel en kundigheid, ons bevorder vindingrykheid, kreatiwiteit en 'n leerkultuur, ons werk inklusief in spanne saam, en ons beloon en verleen erkenning aan ons mense.

## Ons visie vir volhoubare landbou

### Produseer meer

*Ons is daartoe verbind om hoër opbrengste te lewer om te voldoen aan die groeiende vraag na voedsel, vesel en brandstof.*

### Bewaar meer

*Ons is daartoe verbind om die hoeveelheid grond, water en energie wat nodig is om ons gewasse te verbou, te verminder.*

### Verbeter lewens

*Ons is daartoe verbind om lewens oral in die wêreld te verbeter.*

**Dit is wat volhoubare landbou is, en dit is wat ons doen.**

# Inleiding

---

## Meer oor ons kode

By Monsanto is dit vir ons belangrik om dinge op die regte manier te doen, naamlik openlik, eerlik en met respek en integriteit. Maar ons waardes kan nie alléén gebruik word in ons werk nie. Daarvoor is ons kode daar, saam met ons beleid, prosedures en wetgewing.

Ons kode verduidelik watse gedrag van ons verwag word terwyl ons by Monsanto werk. Die kode gee praktiese voorbeelde sodat ons ons gesamentlike waardes kan uitleef. Dit leer ons dat ons ons maatskappy se sakedoelwitte moet bereik met integriteit, en nie net omdat dit gedoen moet word nie. Die kode is gebaseer op die wette, regulasies, reëls en beleid wat ons moet ken wanneer ons ons werk doen. Dit verwys ook na gepaste kontakpersone vir meer inligting.

Die belangrikste aspek is dat ons kode toesien dat ons die vertroue wat ons by ons belanghebbers opgebou het,  behou: hieronder tel klante, sakevennote, aandeelhouers, gemeenskappe, ons maatskappy en mekaar. Ons kode verduidelik  ons belofte, menseregte, volhoubaarheid en eerlike manier van sake doen.

Lees hierdie kode noukeurig deur, en gee veral aandag aan afdelings wat die meeste op u werk van toepassing is. Oral in die kode word bykomende hulpbronne genoem wat vrae kan beantwoord, bekommernisse aanspreek, en kan verseker dat sake behoorlik verstaan en hanteer kan word. Toepaslike beleidsdokumente is ook op die Monsanto-intranet beskikbaar.

## Omvang van ons kode

Ons kode bestaan nie uit afsonderlike standaarde vir verskillende groepe nie. Dit is ten volle van toepassing op alle werknemers, beamptes en direkteure van Monsanto, en op al ons filiale wêreldwyd. Ons verwag ook dat al ons verskaffers, konsultante, agente, verkoopsverteenwoordigers, verspreiders en onafhanklike kontrakteurs soortgelyke standaarde handhaaf. Ons verkies dit om net sake te doen met derde partye wat 'n reputasie van integriteit het.  Kortliks: enige iemand wat die Monsanto-naam verteenwoordig of namens ons maatskappy werk doen, moet optree in ooreenstemming met ons kode. As u vrae het oor die omvang van hierdie kode, of onseker is oor hoe 'n spesifieke afdeling van hierdie kode op u van toepassing is, gesels met u bestuurder of kontak die Sakegedragkantoor of ander hulpbron wat op hierdie bladsye genoem word.

## Ons verantwoordelikheid volgens die kode

Almal van ons wat by Monsanto of namens Monsanto werk, het 'n verantwoordelikheid om met integriteit op te tree. Dit geld nie net vir bepaalde situasies of vir wanneer iemand na u kyk nie – nee, alles wat u doen, moet wettig en eties wees. Ons het 'n plig om te voldoen aan toepaslike wette op die plekke waar ons werk. Daar word ook van ons verwag om vertroud te wees met toepaslike beleidstukke wat op ons werk van toepassing is, en om hulp te vra wanneer ons onseker is oor wat om te doen of hoe om eties besluite te neem.

Monsanto-bestuurders het, as leiers binne die maatskappy, 'n aantal ekstra verantwoordelikhede. As u 'n bestuursrol binne Monsanto vervul, word die volgende van u verwag:

- Wees 'n voorbeeld van behoorlike sakegedrag
- Herinner werknemers aan Monsanto se waardes as deel van u gereelde kommunikasie met hulle
- Vestig en onderhou 'n werksomgewing waarin mense verstaan wat van hulle verwag word en daaroor gemaklik voel om vrae te vra of wangedrag aan te gee
- Skenk aandag aan bekendmaking deur werknemers oor belangekonflikte, en neem besluite wat in Monsanto se belang is
- Gee rapporterings van kodeoortredings na die Sakegedragkantoor deur
- Moet nooit vergeldend optree teenoor enige iemand wat met goeie bedoelings iets aangegee het nie, of toelaat dat ander mense dit vergeld nie

## Rapportering en nievergelding

Dit maak nie saak in watter pos ons by Monsanto werk nie – dit is ons *almal* se verantwoordelikheid om werklike, of vermoedelike, wangedrag aan te gee. Hierdie afdeling gaan oor die verskillende maniere waarop ons hulp kan kry of iets kan rapporteer. Dit verduidelik ook waarom dit belangrik vir ons werksaamhede is om wangedrag te rapporteer.

Hoewel ons almal moet voldoen aan ons kode, maatskappybeleid en -prosedures, en toepaslike wette en regulasies, kom foute nogtans voor. Dit is belangrik om, wanneer ons van potensieel onetiese of onwettige optrede bewus word, dit onmiddellik te rapporteer sodat ons maatskappy die saak kan regstel. Om die oortredings van ander mense te rapporteer, is nie 'n verskoning vir ons eie foute nie. Dit maak  van Monsanto 'n beter plek om by te werk, en dít is altyd 'n beter alternatief as om niks te rapporteer nie.

As u 'n vraag oor ons kode het, of advies nodig het oor 'n regs- of etiese kwessie, of as u werklike of vermoedelike wangedrag wil rapporteer, kan u die volgende persone of afdelings kontak:

- U bestuurder
- U bestuurder se bestuurder
- U menslikehulpbronbestuurder
- Die regsafdeling
- Die Sakegedragkantoor

Enige kriminele optrede, korrupsie, bedrog of wesenlike wanvoorstelling van ons finansiële sake moet gerapporteer word aan na ons Sakegedragkantoor, by enige van die volgende kontakbesonderhede:

- Sakegedragkantoor
    - Monsanto se wenkhulplyn: 877-781-2431
    - Kantoor: 800-886-0782
    - E-pos: business.conduct@monsanto.com
    - Posadres: P.O. Box 21526, St. Louis, MO 63132, VSA
    - Skakel na BCO se internasionale foonlyne: BCO-internasionale lyne
    - Skakels na webrapportering-werwe: net VSA, en alle ander lande

Monsanto verstaan dat dit nie altyd maklik is om werklike of vermoedelike wangedrag te rapporteer nie. Ons maatskappy handhaaf egter 'n verbintenis tot nievergelding, wat beteken dat ons vry moet voel om dinge in goeder trou te rapporteer sonder vrese dat ons werk daardeur negatief beïnvloed sal word. Om iets in "goeder trou" te rapporteer beteken eenvoudig dat u al die inligting gee waaroor u beskik, en glo dat dit die waarheid is. Enige iemand wat die feit dat 'n ander persoon iets in goeder trou gerapporteer het, vergeld, is onderhewig aan dissiplinêre optrede, wat selfs diensbeëindiging kan insluit.

Waar plaaslike wetgewing dit toelaat, kan u iets anoniem rapporteer, en Monsanto sal nie stappe doen om u identiteit te probeer bevestig nie. Anonieme rapporterings word ernstig opgeneem en so deeglik as moontlik ondersoek. Anonieme rapporterings maak dit egter soms moeiliker vir Monsanto om 'n probleem ten volle te ondersoek. Daarom is volledige, gedetailleerde rapportering van alle feite (selfs al is dit oënskynlik onbenullig) noodsaaklik vir 'n deeglike ondersoek. As u besluit om u identiteit bekend te maak, maar u wil u identiteit vertroulik hou, sal Monsanto u versoek eerbiedig in die mate wat wetgewing dit toelaat of in die mate wat dit vir die ondersoekproses moontlik is. Enige persoonlike inligting wat met 'n rapportering en/of ondersoek verband hou, sal so min as wat nodig is om die klagte te ondersoek verwerk word, behou en oorgedra word, in ooreenstemming met toepaslike wette, insluitend privaatheidswette. U sal in kennis gestel word as 'n klag wat oortreding of onbehoorlike gedrag beweer teen u ingedien word, tensy dit die ondersoek in die gevaar sou stel om dit te doen.

## Ondersoeke

Ons Sakegedragkantoor ondersoek en hanteer alle rapporterings van beweerde wangedrag. Dit beteken dat enige iets wat u rapporteer ernstig opgeneem sal word en dat die nodige tyd en aandag daaraan bestee sal word. Afhangende van die situasie kan u versoek word om bykomende inligting te gee. In die geval van 'n anonieme rapportering kan die inligting ingesamel word sonder dat persoonlike identifikasie nodig is. Monsanto respekteer die privaatheid van elke individu en hanteer rapporterings vertroulik, in ooreenstemming met die behoefte om 'n deeglike ondersoek te doen en om te voldoen aan plaaslike wetgewing.

---

V: Wikus vermoed dat een van sy kollegas 'n regeringsbeampte omkoop. Hy het bewyse vir sy aansprake, maar hy is bekommerd dat indien hy te veel besonderhede gee, sy kollega sal weet dat hy dit gerapporteer het. Hy besluit om die Sakegedragkantoor anoniem te kontak en sy vermoedens te rapporteer, deur bloot te beweer dat sy kollega moontlik korrupte praktyke uitvoer. Hy neem aan dat Monsanto op grond van hierdie inligting in staat sal wees om die saak verder te ondersoek. Het Wikus die saak op die beste manier gerapporteer?

A: Nee. Hoewel Wikus die regte ding gedoen het deur die vermoedelike etiese wangedrag aan te meld, het hy nie genoeg inligting aan Monsanto gegee om 'n doeltreffende ondersoek van stapel te laat loop nie. Aangesien Wikus bewyse het om sy bewerings teen hierdie kollega te staaf, is dit belangrik dat hy daardie bewyse met die Sakegedragkantoor deel. Hy kan steeds anoniem bly, omdat Monsanto metodes het om met ons te kommunikeer wat anonimiteit behou, indien plaaslike wetgewing dit toelaat.

---

## Gevolge van wangedrag

Ons kry almal die nodige hulpmiddele om die regte ding te doen. Wanneer wangedrag voorkom, kan die gevolge ernstig wees. Oortredings van ons kode, maatskappybeleid of die wet kan tot dissiplinêre optrede, en selfs diensbeëindiging, lei. Wangedrag sluit in om valse bewerings te maak, ongeag of dit anoniem is of nie. Regs- en etiese wangedrag kan ook daartoe lei dat individue en Monsanto sélf aan boetes, strawwe en siviele of kriminele vervolging blootgestel word.

## Ons verbintenis tot mense

### 'n Inklusiewe werksplek

Die manier waarop ons mekaar behandel, het 'n wesenlike uitwerking op die manier hoe ander mense ons beskou. As maatskappy is ons verbind tot diversiteit, want ons glo dat 'n verskeidenheid van agtergronde en ervarings waarde voeg by die werk wat ons doen. As individue moet ons mekaar billik behandel, en die unieke talente en idees wat elke werknemer na Monsanto bring, respekteer. Ons reputasie en voortgesette sukses is afhanklik van ons verbintenis tot mense.

Die verbintenis vereis dat ons werksverwante besluite neem op grond van meriete. Monsanto se beleid verbied dit om te diskrimineer op grond van ras, kleur, godsdiens, geslag, ouderdom, nasionale afkoms, gestremdheid, oudsoldaat-status, genderidentiteit, genderuitdrukking, of seksuele oriëntasie (ongeag of dit werklik is of verbeel word) wat tot uiting kom deur identiteit, handelinge, verklarings of assosiasies.Ons sal in goeder trou pogings aanwend om billike voorsiening te maak vir mense wat gestremd is.

Monsanto verbied ook enige vorm van teistering. Teistering sluit in alle soorte onwelkome, aanstootlike, vernederende of intimiderende gedrag teenoor ander mense. Teistering kan verbaal, fisies, elektronies of visueel wees, en kan seksueel en nieseksueel van aard wees. Beskerming teen onwettige teistering is 'n reg wat Monsanto ten volle ondersteun en respekteer.

### 'n Veilige, gesonde, beveiligde werksomgewing

By Monsanto is veiligheid en beveiliging almal se verantwoordelikheid. Ons is vasbeslote veilige  werkomgewing daar te stel, daarom bevorder ons graag die veiligheid en gesondheid van alle werknemers, besoekers en klante, asook van die gemeenskap waarin ons werk. Om ons eie gesondheid en veiligheid te verseker, en ook dié van ons kollegas en gemeenskappe, moet ons nie net voldoen aan die prosesse en prosedures van ons maatskappy nie, maar ook aan die wette en regulasies wat op ons werk van toepassing is. Indien u bewus is van enige onveilige praktyk of gevaarlike situasie, of van enige optrede of gedrag wat inmeng of dalk kan inmeng met u veiligheid of die veiligheid van ander mense, is dit u plig om die situasie onmiddellik te rapporteer. Vir meer inligting oor ons verskillende vereistes en prosedures oor veiligheid en beveiliging, raadpleeg die verwante beleidsdokumente in Monsanto se ESH-handleiding (oor die omgewing, veiligheid en gesondheid) of die Global Security-webwerf.

#### Dwelms en alkohol

Om van Monsanto 'n lekker plek te maak om by te werk, beteken dat dit ook 'n veilige plek moet wees om by te werk. Dwelm- en alkoholmisbruik beperk ons vermoë om ons werk veilig te doen, en kan  risiko's vir almal van ons veroorsaak. Daarom moet ons nooit werk terwyl ons onder die invloed van alkohol, dwelms, of voorskrifmedikasie is nie omdat dit  ons vermoë om ons werkspligte uit te voer, kan verswak of 'n onveilige werksomgewing kan vestig. Monsanto laat beperkte uitsonderings op hierdie reël toe, soos wanneer alkohol bedien word tydens gemagtigde maatskappy-gebeurtenisse. Maar selfs in daardie gevalle word daar van ons verwag om matigheid en goeie oordeel aan die dag te lê.

### Geweld in die werksomgewing

Optredes van geweld en dreigemente van geweld beïnvloed ons algehele werkplekbeveiliging, -veiligheid en -gesondheid negatief, net soos wat dwelmmisbruik of enige ander gevaarlike praktyke sou doen. Daarom word enige gewelddadige of fisies aggressiewe daad ten strengste by Monsanto verbied, selfs al word dit bedoel as 'n grap. As u of iemand wat u ken 'n dreigement ontvang of die slagoffer is van 'n gewelddadige daad, is dit u plig om dit onmiddellik te rapporteer. As u, u kollegas of enige ander individue wat met Monsanto sake doen, in onmiddellike gevaar is, kontak die plaaslike owerhede en kontak daarna Global Security. Volg ten slotte op met u bestuurder of ander kontakpersoon in hierdie kode.

---

V: Carolien is daarvan oortuig dat een van haar kollegas in 'n gewelddadige huishoudelike verhouding is. Sy wil nie inmeng nie, maar sy is besorg oor die veiligheid van haar kollega. Wat moet Carolien doen?

A: Carolien moet die vermoedelike mishandeling rapporteer. Dit is nie ongewoon dat die mishandelaar die mishandelde by die werk besoek nie, wat nie net die slagoffer nie maar moontlik ook kollegas in die gevaar kan stel. Rapporteer enige teken van huishoudelike geweld onmiddellik aan die bestuur en aan Global Security. Aanduidings van dié tipe mishandeling sluit in:

- Kennis van 'n bestaande dwangbevel
- 'n Ongewone hoeveelheid foonoproepe of e-posse van 'n huidige of ou liefdesmaat, en onwilligheid om te gesels of die foonboodskappe te beantwoord
- Beserings soos kneusplekke, blou oë of gebreekte bene, veral as die slagoffer probeer om dit weg te steek, of onoortuigende verduidelikings aanvoer oor hoe dit plaasgevind het
- Tekens van emosionele verdriet, soos ongewone stilte of afsondering

---

V: Irma is ooggetuie van 'n ongeluk wat by 'n Monsanto-aanleg plaasgevind het en waar verskeie van haar kollegas beseer is. Die beserings is klein en word met noodhulpvoorraad op die perseel behandel, maar Irma dink dat die slagoffers behoorlike mediese behandeling moet kry. Irma se bestuurder weier om die voorval te dokumenteer, en voer aan dat daar ernstige gevolge vir die perseel kan wees indien die beserings gerapporteer word. Irma wil nie haar werk in die gevaar stel ten wille van 'n klein voorval nie, maar voel nietemin dat dit die regte ding sou wees om die voorval te rapporteer. Hoe moet sy die situasie hanteer?

A: Irma is reg, want om die voorval te rapporteer is die regte ding om te doen. Klein beserings moet aangemeld word om te help voorkom dat dit weer gebeur, of om ernstiger beserings te help voorkom. Ons maatskappy beskik oor spesifieke prosesse om ons veiligheid te verseker, en die enigste manier waarop ons hierdie prosesse gaan verbeter, is om dinge te rapporteer wat skeef loop. As Irma se bestuurder dit nie wil rapporteer nie, moet Irma haar ESH-kontakpersoon kontak, of Monsanto se wenkhulplyn kontak.

---

## Respek vir menseregte

Monsanto het meer as 20 000 direkte werknemers, en produseer saad in meer as 40 lande. Die maatskappy het dus die geleentheid om 'n positiewe impak op die lewens van sy werkers te maak, asook op 'n wesenlike hoeveelheid werkers in ons produksie-aktiwiteite.

Om ons optrede in hierdie verband te lei het ons in 2006 ons menseregtebeleid aanvaar en 'n program begin om die lewens van al ons werknemers en die werkers in ons saadproduksie-verskaffingsketting te verbeter, ongeag of dit by ons fasiliteite of by dié van derde partye is. Die beleid sluit verbintenisse oor kinderarbeid, dwangarbeid, vergoeding, werksure, teistering en geweld, diskriminasie, vryheid van assosiasie, beroepsveiligheid en wetlike voldoening in. Ons benadering is deurlopende verbetering, en ons werk aktief saam met ons sakevennote om die unieke uitdagings wat aan landbou gestel word in die vorm van handearbeid, veral in ontwikkelende ekonomieë, in .

Ingevolge ons verbintenis om menseregte te beskerm, te respekteer en te bevorder, het Monsanto 'n menseregtebeleid aanvaar wat in ooreenstemming is met beide die *Universele Verklaring van Menseregte* en die Internasionale Arbeidsorganisasie se *Fundamentele Beginsels en Regte by die Werk*. Vir meer inligting, raadpleeg Monsanto se verbintenis tot menseregte op ons webwerf.

---

V: Pieter doen gehaltebeheer by baie Monsanto-kontrakverbouers om te verseker dat hulle werkers billik en in ooreenstemming met ons beleid oor menseregte behandel word. Seisoenswerkers kan per uur betaal word, en Pieter is bewus dat alle kontrakwerknemers ten minste die wettige minimum loon moet ontvang. Een van die boere vertel Pieter dat sekere werkers minder ervaring het as ander, en minder doeltreffend is in die uitvoering van hul werk. Dit maak vir hom dus nie sin om vir daardie individue die minimum loon te betaal nie. Hoe moet Pieter antwoord?

A: Pieter moet dit aan hierdie boer duidelik stel dat ons maatskappy se standpunt nie onderhandelbaar is nie. Alle werkers moet ten minste die wettige minimum loon vir alle gewerkte ure kry. Prestasie moet afsonderlik hanteer word, en enige maatreëls in dié verband moet steeds in ooreenstemming met plaaslike wetgewing wees. As u daarvan bewus is, of vermoed dat enige van ons sakevennote nie die wettige vergoedingsvlakke nakom nie, moet u dit onmiddellik onder u bestuurder of ander kontakpersoon se aandag bring. Monsanto sal die nodige stappe neem om te verseker dat dit nie voortduur nie.

---

## Persoonlike inligting en privaatheid

As deel van ons werk by Monsanto maak ons sekere persoonlike inligting oor onsself aan die maatskappy bekend. Daardie inligting sluit in ons werkgeskiedenis, nasionale identifikasienommers, kontakbesonderhede, huwelikstatus, kriminele rekords en mediese geskiedenis. Ons maatskappy is daartoe verbind om hierdie inligting te beskerm in ooreenstemming met toepaslike dataprivaatheidwette, insluitend reëls oor die versameling, verwerking, gebruik, oordrag en openbaarmaking van persoonlike inligting.

As u werksverantwoordelikhede die versameling, wysiging, oordrag, verwerking, berging of gebruik van persoonlike inligting oor werknemers insluit, het u 'n plig om te voldoen aan toepaslike dataprivaatheidwette en ander interne beheermaatreëls wat daardie persoonlike inligting beskerm. Moet nooit sulke inligting deel met mense wat nie gemagtig is om dit te weet nie. As u vrae het oor die beskerming van persoonlike inligting, of as u toegang wil kry tot u persoonlike inligting of dit wil wysig, of as u onseker is of die data as persoonlike data beskou word, kontak asseblief u menslikehulpbron-bestuurder of die regsafdeling in u streek.

# Ons verbintenis tot ons vennote, klante en verskaffers

## Produkrentmeesterskap

Produkrentmeesterskap is Monsanto se onderneming om ons produkte en tegnologie te assesseer en te ondersteun. Ons doen dit deur  produkte en tegnologie te evalueer en so te bepaal of dit veilig en omgewingsverantwoordelik is. 'n Verdere belangrike komponent van produkrentmeesterskap is ons verpligting om die behoorlike, verantwoordelike gebruik van ons produkte en tegnologieë te verduidelik en te bevorder, veral wat betref die standaarde en beginsels van die gemeenskap.

Ons erken dat die produkintegriteit en produkgehalte 'n integrale deel van produkrentmeesterskap is, en neem dit baie ernstig op. Deur oorweging te skenk aan die omgewing en deur die veiligheid van ons produkte en tegnologie oor hul hele produkduursiklus te evalueer, kan ons die behoorlike, verantwoordelike gebruik daarvan bevorder. Monsanto se produkrentmeesterskap-leierskapspan hou toesig oor die ontwikkeling en implementering van rentmeesterskapprojekte, en bied hulpbronne om ons rentmeesterskapdoelwitte te bereik. Produkrentmeesterskap is 'n verantwoordelikheid van alle werknemers, en daar word van ons verwag om rentmeesterskapprojekte te ondersteun.

Produkrentmeesterskap-webwerf

### Wetenskaplike navorsing

By Monsanto besef en begryp ons hoe belangrik dit is om etiese wetenskaplike navorsing te doen. Baie van ons sukses hang daarvan af om vertroue met verskillende groepe en persone op te bou, en baie van daardie vertroue hang af van die akkuraatheid en betroubaarheid van die wetenskaplike data wat ons voorsien.

Om ons navorsingsproduk eties te hou, moet sodanige navorsing gedoen word met:

- Goedgekeurde protokolle en behoorlike kontroles
- Gehalteversekering, soos toepaslik
- Data wat akkuraat aangeteken is, reproduseerbaar is of gerekonstrueer kan word, en behoorlik gedokumenteer is
- Die toepassing van 'n gepaste statistiese ontleding of dataontleding.

### Produkintegriteit en -gehalte

Monsanto is verbind tot die integriteit van sy produkte en is daartoe verbind om konsekwent produkte van die hoogste gehalte te lewer. Ons voer hierdie verbintenis uit deur die gebruik van gestandaardiseerde prosesse wat voortdurend verbeter word. Verbintenis tot gehalte is 'n algemene element in ons besigheid, en dit verbind ons aan ons klante. Ons lewer produkte wat voldoen aan alle wetlike en kontraktuele vereistes. Ons is daartoe verbind om beste praktyke en ander instrumente met ons vennote en klante te deel om 'n konsekwente ervaring van ons klante met ons produkte te verseker. Ons daaglikse toewyding verseker produkintegriteit en -gehalte.

**Regulering**

Ons doen internasionaal sake in 'n hoogs gereguleerde omgewing. Ons biotegnologiese en chemiese produkte moet goedgekeur word deur regulerende agentskappe voor dit kommersieel aangewend kan word. By Monsanto voldoen ons aan alle toepaslike internasionale, nasionale en plaaslike wette en regulasies. Ons doen noukeurige assessering om die veiligheid van al ons produkte te bepaal. Derhalwe kan ons ons klante, produsente en verbruikers verseker dat ons die veiligheid van al ons produkte vasgestel het, deur aan alle regulerende vereistes te voldoen of dit te oortref. Indien nodig, word ons produkte streng geassesseer deur toepaslike regulerende liggame sodat ons ons produkte met vrymoedigheid internasionaal kan bemark.

---

V: As ek nie in die regulerende afdeling werk nie, maar ek werk in die vervaardiging van 'n gereguleerde produk, het ek enige spesiale opleiding nodig?

A: Ja. Alle werknemers wat in kontak kom met of werk met gereguleerde produkte moet gespesialiseerde opleiding ontvang om te verseker dat hulle die protokolle en stelsels behoorlik volg wat ontwerp is om die produk se veiligheid te verseker en om aan regulerende vereistes te voldoen.

---

## Billike markbeginsels

Wanneer ons ons produkte bemark of verkoop, is dit noodsaaklik dat ons eerlike, etiese taktieke gebruik. Diegene van ons wat verkoop, adverteer, promosie doen of bemarking doen, moet ons pligte nakom deur eerlike, akkurate voorstellings. Ons moet nooit valse of misleidende verklarings oor die gehalte en beskikbaarheid van ons produkte maak nie, en ook nie oor dié van konkurrente nie. Voorts mag ons nie onregverdige of onwaar vergelykings tref tussen ons en ons konkurrente se produkte nie. Hieronder tel die gebruik om spesifieke inligting uit te soek of onvolledige verklarings te maak oor ons of ons konkurrente se produkte.

Om billik in ons bedryf op te tree beteken ook dat ons nooit aan kommersiële omkopery meedoen nie. Kommersiële omkopery is wanneer ons iets van waarde aan ander mense gee (of andersom) met die bedoeling om 'n sakebesluit of -optrede onbehoorlik te beïnvloed. Ongeag of kommersiële omkopery direk of deur 'n derde party gedoen word, verskoon Monsanto dit nie en duld Monsanto dit ook nie.

---

V: Riaan sluit hom een middag aan by 'n nuwe klant vir 'n sakemiddagete. Tydens hul gesprek vertel die klant vir Riaan oor die sukses wat sy met een van ons produkte behaal het. Sy vertel vir Riaan hoe bly sy is met die vlak van diens wat sy by Monsanto kry, en deel 'n paar verhale met hom oor haar probleme met konkurrente se produkte. Riaan bedank haar vir haar terugvoer, en vra of hy haar opmerkings in 'n nuwe bemarkingprojek mag gebruik. Sy stem in dat Monsanto haar opmerkings mag gebruik, en Riaan begin onmiddellik met 'n pamflet wat hy die volgende dag aan sy klante wil uitdeel. Mag hy dit doen?

A: Waarskynlik nie. Die inligting wat ons in ons bemarkingsveldtogte gebruik, moet deur verskeie vakkundiges nagegaan word voor dit gepubliseer kan word. Dit is veral belangrik om te bepaal hoe waar en akkuraat die standpunte is, en om te verseker dat ons nie konkurrente se produkte afkraak nie. Riaan moet die opmerkings aan sy bestuurder voorlê of 'n lid van die regsafdeling raadpleeg om vas te stel of dit oorweeg kan word vir

kommunikasie aan klante. Hy moenie op eie houtjie dinge doen sonder om behoorlike goedkeuring te kry nie.

---

## Voldoening aan mededingingswette

Monsanto ding billik en kragtig in ons bedryf mee. Baie van die lande waarin ons sake doen het wette wat handelinge verbied wat handel onregverdig beperk. Mededingingswette (wat soms antitrustwette genoem word) verskil van land tot land. Sodanige wette is oor die algemeen almal soortgelyk wanneer dit kom by reëls oor hoe twee konkurrente met mekaar mag meeding. Alle mededingingswette verbied antimededingende optrede, soos:

- Prysvasstelling
- Bodbedrog
- Toewysing van klante, markte en gebiede aan 'n konkurrent
- Koördinering met ander mense om te weier om 'n bepaalde klant te dien

Indien 'n konkurrent probeer om enige van hierdie antimededingende praktyke met u te bespreek, moet u u afkeuring noem, onmiddellik die gesprek beëindig, en die gesprek rapporteer aan die regsafdeling. Deelname aan verbode antimededingende praktyke is nie net oneerlik teenoor ons klante nie, maar kan ook ernstige gevolge hê vir u en vir ons maatskappy. Selfs as iets *bloot lyk* soos 'n verbode ooreenkoms, kan dit ernstige gevolge vir ons maatskappy inhou. Indien enige verbode optredes aan u voorgestel word, maak dat duidelik dat u dit van die hand wys.

Mededingingswette kan ingewikkeld wees en kan aansienlik verskil oor hoe 'n verskaffer en sy klant met mekaar mag skakel in die vertikale verskafferketting. Moenie sommer aanneem dat praktyke wat in een land goedgekeur word of verbode is ook in 'n ander land goedgekeur word of verbode is nie. Ten slotte, as 'n klant of verskaffer voorstel dat u met hulle saamwerk om een van hul konkurrente te skaad, moet u ook die gesprek beëindig en u bestuurder of lid van die regsafdeling uitvra oor die situasie en die toepaslike reëls.

### Monsanto en ander maatskappye se vertroulike inligting

Mededingingswette, wette oor intellektuele eiendom, en wette teen wanaanwending van handelsgeheime is van toepassing op die manier waarop ons inligting oor ons konkurrente insamel. Hoewel dit ons vry staan om publiek beskikbare hulpbronne te gebruik om ons konkurrente se produkte, dienste en bemarkingsveldtogte na te vors, moet ons ons nooit wend tot onetiese taktieke nie. Dit beteken dat ons nooit onsself moet wanvoorstel om inligting te bekom nie.

Mededingend sensitiewe inligting is die niepublieke inligting oor ons mededingende werksaamhede wat ons nie aan ons konkurrente wil openbaar nie. Die inligting wat Monsanto as vertroulike inligting beskou, is inligting wat ander mense kan gebruik om ons skade te doen of te benadeel. Dit sluit in handelsgeheime en ander inligting oor ons intellektuele eiendom, en inligting wat ons nie publiek maak nie oor ons finansiële state, werknemers, navorsing, ontdekkings, planne, ontwerpe, strategieë, produkte, prosesse, probleme en oplossings, en wetlike sake. Net soos wat ons nie hierdie mededingend sensitiewe inligting aan 'n konkurrent sou gee nie, moet ons ook nie sodanige inligting van ons konkurrente probeer verkry nie. En net soos wat ons sou verwag dat ons oudwerknemers ons vertroulike inligting sal handhaaf, moet ons nie oudwerknemers van ons konkurrente vra om hul vertroulikheidsverpligtinge aan hul vorige werkgewers te oortree nie. Indien u per ongeluk mededingend sensitiewe inligting van 'n konkurrent bekom wat die

konkurrent nie sou wou openbaar nie, moet u dit nie gebruik of versprei nie tensy u die saak met die regsafdeling bespreek het en klaring daaroor van hulle ontvang het.

Vir meer inligting oor wat vertroulik of mededingend sensitiewe inligting is, raadpleeg die "Vertroulike en eiendomsregtelike inligting"-afdeling van hierdie kode. Die diensooreenkoms wat u onderteken het toe u by Monsanto aangesluit het, bevat ook 'n opsomming van u vertroulikheidverpligtinge.

**Handelsverenigings**

Ons moet versigtig wees wanneer ons handelsverenigings of ander bedryfsgeleenthede bywoon waar konkurrente teenwoordig kan wees. Wanneer ons by sulke geleenthede met konkurrente skakel, moet ons nie enige iets bespreek wat kan lyk of dit 'n poging is om mededinging te beperk nie. Ons moet ook versigtig wees wanneer ons Monsanto-sake met ons medewerknemers bespreek, omdat ander mense na ons gesprekke kan luister. Onthou, as 'n konkurrent probeer om 'n verbode onderwerp met u te bespreek, stop die gesprek onmiddellik en rapporteer die saak aan u bestuurder of 'n lid van die regsafdeling.

---

V: Kirsten is so pas deur een van haar jare lange klante in kennis gestel dat hy 'n uitnodiging van 'n Monsanto-konkurrent na ‘n geleentheid ontvang het. Hy vertel haar dat die konkurrent 'n geleentheid gereël het wat net vir klante is, om die maatskappy se produkportefeulje te wys en prestasie te bespreek. Die klant vra vir Kirsten of sy saam met hom wil gaan, as gas, om meer te wete te kom. Die klant stel voor dat Kirsten so inligting kry wat Monsanto kan help met strategieë vir toekomstige pryse en produkontwikkeling. Aangesien sy deur een van ons klante genooi is, is dit aanvaarbaar vir Kirsten om die gebeurtenis by te woon?

A: Waarskynlik nie. Die uitnodiging is spesifiek vir klante. Deur die geleentheid saam met 'n Monsanto-klant by te woon, kan Kirsten daarvan beskuldig word dat sy haar wanvoorstel, wat oneties sou wees en ernstige gevolge vir ons maatskappy sou hê. Kirsten moet die klant vir die inligting bedank maar dit duidelik stel dat Monsanto net mededingende inligting mag verkry op deursigtige wyse. Sy kan dit net bywoon as die klant gevra het en toestemming gekry het dat Kirsten kan bywoon, en dit duidelik stel dat Kirsten vir Monsanto werk.

---

## Respek vir privaatheid van vertroulike inligting

Ons waardeer die vertroue van ons klante, verskaffers en ander partye in Monsanto wanneer hulle aan ons inligting gee. Om hierdie vertroue te behou, moet ons baie versigtig wees om hulle inligting te beskerm (ongeag of dit vertroulik, persoonlik of sensitief is) net so versigtig as wat ons ons eie inligting beskerm. Indien die aard van u werk by Monsanto u in aanraking bring met vertroulike, persoonlike of sensitiewe derdeparty-data, is dit u plig om dit behoorlik te hanteer, in ooreenstemming met toepaslike wette. Moet nooit sulke inligting deel met mense wat nie gemagtig is om dit te weet nie. Wanneer u twyfel, vra u direkte bestuurder of Monsanto se regsafdeling vir leiding.

## Verhoudinge met verkopers en klante

Ons klante, verkopers en ander sakevennote speel 'n belangrike rol in ons sukses as maatskappy. Ons probeer om verhoudings van wedersydse respek en vertroue met hierdie partye te alle tye te handhaaf. Om hierdie rede moet ons eerlik wees wanneer ons met bestaande of potensiële klante, verkopers en ander sakevennote skakel. Alle kontrakte moet regverdig onderhandel word en nie misleidend of onakkuraat wees nie. Voorts moet ons

wanneer ons verkopers en subkontrakteurs kies om produkte of dienste te voorsien of om namens Monsanto te werk, dit billik doen. Ons kies op grond van 'n samestelling van al die feite, insluitend gehalte, veiligheidsrekords, tegniese vermoë, historiese ervaring, betroubaarheid, koste, skedule en beskikbaarheid, en nooit op onbillike vooroordeel of om ander ongepaste of onwettig redes nie.

# Ons verbintenis tot ons maatskappy en aandeelhouers

## Vermy belangekonflikte

'n Belangrike komponent van ons verbintenis tot ons maatskappy en aandeelhouers is om belangekonflikte te vermy. 'n Belangekonflik is wanneer ons persoonlike, sosiale, finansiële of politieke belange bots met dié van ons maatskappy. Belangekonflikte kan ons maatskappy se sukses belemmer, en die indruk skep dat ons nie regverdig of sonder vooroordeel sake doen nie. Konflikte kan ontstaan as gevolg van skakeling met eksterne persone of groepe, asook uit verhoudings met ander mense by Monsanto. Hier onder is 'n paar algemene belangekonflikte wat ons moet vermy.

### Sakegeskenke en -vermaak

Die uitruil van die sakewelwillendheidsgebare soos geskenke of aanbieding van vermaak is 'n algemene praktyk wat welwillendheid tussen maatskappye en hul klante of sakevennote bevorder. Ongeag of ons geskenke en vermaak ontvang of aanbied, kan dit maklik lei tot werklike of skynbare belangekonflik. Om te voorkom dat dit selfs lyk of daar onbehoorlike gunstige behandeling is, mag ons net geskenke, etes of vermaak gee of ontvang van ons klante en sakevennote wat as volg is:

- Ongevraag
- Matig
- Wettig
- Nie op 'n gereelde grondslag nie
- In goeie smaak
- Nie kontant of kontantekwivalente nie

Selfs as 'n geskenk of vorm van vermaak aan bogenoemde kriteria voldoen, moet ons dit nie aanbied of aanvaar as dit dalk onbehoorlik kan lyk nie. As u onseker is oor 'n sakewelwillendheidsgebaar wat u ontvang het om beplan om te gee, raadpleeg die regsafdeling of die Sakegedragkantoor vir leiding.

### Korporatiewe geleenthede

Om etiese, objektiewe besluite namens Monsanto te neem beteken dat ons nooit met ons maatskappy vir sakegeleenthede moet meeding nie. Dit beteken dat ons nie enige geleenthede vir onsself mag neem wat ons danksy ons posisie by Monsanto ontdek het nie, en ook nie deur gebruik van maatskappybates of deur enige geleentheid waaroor ons maatskappy 'n belangstelling uitgespreek het nie. Voorts mag ons nie ons vriende of familie aanduidings gee om voordeel uit sodanige belegging of aktiwiteit te trek nie.

### Werk buite die maatskappy

Terwyl ons by Monsanto werk, het ons 'n verbintenis om ons maatskappy se belange te bevorder, en om ons ten volle op ons werk te rig. Dit kan moeilik wees om hierdie verbintenis na te kom as ons ook in eie diens is of by 'n ander maatskappy werk. Hoewel ons maatskappy nie probeer om geleenthede te beperk nie, is dit belangrik om nie werk van buite die maatskappy te aanvaar wat met ons vermoë om ons werk by Monsanto te doen, kan inmeng nie. Ons aanvaar moontlik nie gelyktydige indiensname met 'n konkurrent nie.

Ons kan nie sonder 'n deeglike nagaan en goedkeuring diens by 'n klant, verskaffer of ander Monsanto-sakevennoot aanvaar nie. Deur dit te doen, skep 'n ernstige belangekonflik. Voordat u werk van buite die maatskappy aanvaar, kontroleer met u menseleier of die Sakegedragkantoor.

### Om sake te doen met familie en vriende

By tye kan dit gebeur dat ons saam met familielede of vriende werk. Om die voorkoms van partydigheid te vermy, moet ons onsself nie in 'n rapporteringverhouding met gesinslede plaas nie. Gesinslede sluit in eggenote, lewensmaats, kinders, stiefkinders, ouers, stiefouers, broers en susters, skoonouers en enige ander lede van die huishouding. Voorts moet ons nie betrokke wees by die aanstellingsproses vir enige gesinslid nie. Hoewel hierdie rapporteringstrukture kan ontstaan ná samesmeltings, is dit belangrik dat ons sodanige verhoudings so gou as moontlik herstruktureer.

### Finansiële belange

Net soos wat Monsanto ons besluit respekteer om billike werk van buite die maatskappy te doen, respekteer ons maatskappy ook ons reg om ons persoonlike beleggings sélf te bestuur. Afhangende van die grootte van 'n belegging kan ons persoonlike finansiële belange moontlik 'n belangekonflik skep. Enige beleggings buite die maatskappy wat ons direk besit of waaroor ons beheer het, mag nie ons besluite as werknemers raak of daarmee inmeng nie.

Belangekonflikte kan op meer maniere ontstaan as wat in die vorige afdelings genoem word. As u weet dat u 'n belangekonflik het of vermoed dat u dit het, en u rapporteer dit nie, oortree u hierdie kode. Om hierdie rede moet u onmiddellik enige werklike of potensiële konflikte aan u bestuurder of die Sakegedragkantoor rapporteer om advies te kry.

## Beskerm maatskappybates en -inligting

As deel van ons werk by Monsanto het ons toegang tot verskillende maatskappybates. Hierdie bates sluit in ons maatskappy se fisiese besittings, soos toerusting, voertuie, rekenaars, fondse en fasiliteite. Dit is ons verantwoordelikheid om hierdie bates te beskerm teen verlies, diefstal, skade, vermorsing of misbruik. Daar word ook van ons verwag om sulke hulpbronne vir gepaste sakedoeleindes te gebruik. Persoonlike gebruik van maatskappybates soos telefone, rekenaars en fotostaatmasjiene kan af en toe toegelaat word, maar sodanige gebruik moet wettig wees en mag nie inmeng met ons daaglikse werk nie. As u 'n vermoede het van diefstal, bedrog of ongepaste of onwettige gebruik van maatskappyeiendom, is dit u plig om dit te rapporteer aan u bestuurder, die finansiële afdeling, menslikehulpbron-afdeling, Monsanto Global Security of die Sakegedragkantoor. Raadpleeg gerus korporatiewe kontroleurskap se beleid nommer 85005.00.

### Vertroulike en eiendomsregtelike inligting

Maatskappyhulpbronne is nie beperk tot die fisiese besittings nie. Trouens, sommige van ons maatskappy se waardevolste bates is die vertroulike en eiendomsregtelike inligting wat ons besit. Vertroulike inligting sluit in inligting wat nie publiek is nie wat skadelik vir Monsanto kan wees indien dit openbaar gemaak word. Hier is 'n paar voorbeelde van vertroulike inligting:

- Saadstambome en -stamboominligting
- Finansiële of tegniese inligting
- Prysdata

- Eiendomsregtelike prosesse of formules
- Kostestruktuur en verwante data
- Korporatiewe bemarkingstrategieë
- Toerusting- en masjinerieontwerp
- Klantlyste
- Sakeplanne
- Navorsingsdata en -rekords
- Regulerende strategieë
- Wesenlike niepublieke inligting

Dit is ons verantwoordelikheid om ons maatskappy se vertroulike en eiendomsregtelike inligting te beskerm teen ongemagtigde gebruik. Ons mag dus nie sodanige inligting bekend maak aan enige iemand buite Monsanto nie, of selfs aan iemand binne Monsanto wat nie 'n goeie rede het om dit te weet nie. Voorts moet ons toepaslike maatreëls instel om te verseker dat hierdie inligting nooit verlore gaan, gesteel word, verlê word of sonder toesig gelaat word nie. Hierdie reëls is ook van toepassing op enige maatskappytoestelle wat sodanige inligting kan stoor, soos skootrekenaars of ander mobiele toestelle.

Ten slotte moet ons versigtig wees wanneer ons vertroulike inligting in openbare plekke bespreek, soos in restaurante, treine, lughawe-eindgeboue en die maatskappy se gemeenskaplike areas. Beperk sulke gesprekke tot meer private plekke waar ander mense dit nie kan hoor nie. As u weet of vermoed dat vertroulike inligting op ongepaste wyse bekend gemaak is, verlore geraak het of gesteel is, rapporteer dit onmiddellik aan u bestuurder, Monsanto Global Security of die Sakegedragkantoor.

Net soos met enige ander vertroulike inligting moet ons ons handelsgeheime beskerm en dit nooit aan enige iemand buite ons maatskappy bekend maak wat nie ingestem het om sodanige inligting vertroulik te hou nie. Moenie sodanige inligting met enige Monsanto-werknemer deel wat nie 'n rede het om dit te weet nie.

Vir meer inligting spesifiek oor kiemplasmabeveiliging, raadpleeg ons beleid oor die beskerming van stambome en voorouerinligting.

### Intellektuele eiendom

Sekere van die inligting waartoe u toegang het, sluit intellektuele eiendom (IE) in. Intellektuele eiendom is nog 'n bate wat ons moet beskerm. Voorbeelde daarvan sluit in:

- Handelsgeheime
- Kopiereg
- Handelsmerke
- Patente
- Ontwerpersregte
- Logo's
- Handelsname

Intellektuele eiendom wat ons skep terwyl ons in diens by ons maatskappy is en wat binne die omvang van ons werk by ons maatskappy is, behoort ook aan ons maatskappy. As u onseker is oor watter inligting as intellektuele eiendom geklassifiseer word, kontak die regsafdeling.

V: Hendrik is deur 'n groep van buite die maatskappy genader om 'n praatjie by 'n wetenskaplike konferensie te hou oor tegnologie in sy area van kundigheid. Hy is tans besig met 'n baie belangrike navorsingsprojek waarin verskeie belangrike ontwikkelings gedoen word. Hy sou graag 'n aantal elemente van sy huidige navorsing by die konferensie wil noem. Mag Hendrik dit doen?

A: Moontlik. Voordat hy enige sensitiewe inligting van Monsanto wat moontlik intellektuele eiendom is in die openbaar noem, moet hy dit deur die toepaslike gesag laat evalueer vóór dit vrygestel word. In dié geval is die toepaslike gesag Monsanto se prokureur vir intellektuele eiendom. Hendrik moet net die basiese inligting verstrek wat hy weet nie vir Monsanto vertroulik is nie, en moet leiding en goedkeuring vir sy praatjie kry van die toepaslike kontakpersone vóórdat hy sy praatjie hou.

## Gebruik maatskappytegnologieë toepaslik

Tegnologie speel 'n noodsaaklike ondersteunende rol in die werk wat ons by Monsanto doen. Hierdie instrumente bied vir ons buigsaamheid in ons werk en help ons help om meer kreatief te wees en doeltreffend vir die maatskappy te werk. Die instrumente moet egter omsigtig en verantwoordelik gebruik word om te verseker dat dit in ooreenstemming met goeie sakepraktyke gedoen word en nie sakewerksaamhede of kollegas ontwrig nie.

Wat ons maatskappy se tegnologie betref het ons 'n verantwoordelikheid om die bates op etiese, veilige en beveiligde wyse wat binne die wet is, te gebruik. Net soos met ander maatskappyhulpbronne word beperkte persoonlike gebruik ook van Monsanto-tegnologie toegelaat. Hou in gedagte dat ons maatskappy ons gebruik kan monitor en ondersoek, indien die wet dit toelaat. Hieronder tel alle inligting en korrespondensie wat in Monsanto se elektroniese pos of stempos-rekeninge gestuur word of gestoor word. Dit sluit ook inligting in wat ons skep, stuur, ontvang, verwerk of stoor op ons maatskappy se tegnologie soos skootrekenaars, fone en ander stelsels en toerusting. Om hierdie rede moet ons versigtig wees wanneer ons die volgende dinge met die maatskappy se tegnologie doen:

- Wanneer ons enige skriftelike kommunikasie of dokumente skep, sodat dit in ooreenstemming is met ons belofte, menseregtebeleid en hierdie kode, asook met alle ander maatskappybeleid
- Wanneer ons op die internet blaai, sodat ons ongepaste of ongoedgekeurde webwerwe en webgebaseerde dienste kan vermy
- Wanneer ons data na gemagtigde eksterne partye oordra, sodat dit net met goedgekeurde dataoordragdienste van die maatskappy geskied
- Wanneer ons rekenaarhulpbronne gebruik, sodat ons dit nie vir persoonlike sake-aktiwiteite gebruik nie

Aangesien die maatskappytegnologie gewoonlik vertroulike of eiendomsregtelike inligting bevat, is dit noodsaaklik dat ons beveiligingsmaatreëls en -prosedures handhaaf om ons skootrekenaars, rekenaarstelsels en ander mobiele toestelle te beskerm. U wagwoord is u s'n en u s'n alleen. Moet dit nooit aan iemand oorvertel nie. As u vrae het oor wat as aanvaarbare gebruik van die maatskappy se tegnologie beskou word, kontak u plaaslike menslikehulpbron-bestuurder. Raadpleeg asseblief die menslikehulpbron-afdeling se beleid oor aanvaarbare gebruik vir bykomende leiding.

### Sosiale media

Sosiale media bied baie geleenthede om te skakel met belanghebbers deur middel van blogs, sosiale netwerke, mikroblogs, foto- en videodeling-werwe, kletskamers, forums en wiki's, ens. Wanneer ons enige sodanige media gebruik, moet ons versigtig wees om nie

enige vertroulike inligting oor ons maatskappy bekend te maak nie. Voorts moet ons nie sosiale media gebruik om ons klante, verskaffers, medewerknemers of ander belanghebbers af te kraak of om misleidende of onondersteunde stellings oor Monsanto, sy produkte, sy konkurrente of hul produkte te maak nie. Hoewel Monsanto nie probeer om ons persoonlike deelname te beheer of te monitor nie, moet ons seker maak dat ons nie die indruk skep dat die sienings en menings wat ons aanlyn uitspreek ook dié van ons maatskappy is nie, tensy ons werkspligte insluit om sodanige menings bekend te maak. In so 'n geval moet u u postitel in die kommunikasie vermeld. Aangesien elektroniese plasings wat met gebruik van maatskappytegnologie geplaas word aan Monsanto toegeskryf kan word, moet ons versigtig wees wanneer ons kommunikasie saamstel op die maatskappy se skootrekenaars, rekenaarstelsels of ander toerusting. Indien u vrae het oor die aanvaarbare gebruik van sosiale media, kontak die sosialemedia-span. Vir bykomende leiding, raadpleeg asseblief die sosialemedia-riglyne.

### Inligtingsbeveiliging

Monsanto is 'n maatskappy wat gebaseer is op intellektuele eiendom, en daarom is dit belangrik om ons inligting te beskerm. Inligtingsbeveiliging is uiters belangrik om die vertroue van al ons klante, verkopers en ander partye met wie ons werk te behou. Om data en stelsels te beveilig is 'n noodsaaklike komponent van ons sakestrategie en -werksaamhede.

Monsanto se inligtingsbeveiliging-beleid en ondersteunende inligtingsbeveiliging-standaarde vorm die grondslag waarvolgens ons vertroulikheid, integriteit en beskikbaarheid van inligting en stelsels moet handhaaf.

Dit is ons beleid dat inligting en stelsels op gepaste manier bestuur moet word en beskerm moet word teen ongemagtigde toegang, gebruik, bekendmaking, wysiging, wegdoening of diensontsegging. Inligtingsbeveiliging-kontroles en -maatreëls om vertroulikheid, integriteit en beskikbaarheid te verseker word voortdurend geïmplementeer en gemonitor. Byvoorbeeld:

- Opleiding en opvoeding
- Monitering van bedreigings en vermindering van kwesbaarheid
- Handhawing van voorvalbespeuring en reaksievermoëns
- Periodieke assessering van inligtingsbeveiliging-risiko's van ons verkopers en tegnologie

Hoewel ons maatskappy heelwat tegniese kontroles implementeer om sensitiewe inligting te beskerm, begin inligtingsbeveiliging op die ou end by onsséÍf.

## Handhaaf eerlike finansiële rekords

Monsanto se finansiële rekords is die publiek se blik op die algehele sukses van ons besigheid. Hulle maak daarop staat dat ons eerlik is, akkuraat is en inligting tydig bekend maak, in ooreenstemming met die toepaslike wette en regulasies. Al die inligting wat ons in die maatskappy se rekords opneem, moet dus die waarheid wees, en korrek, en volledig. Ons moet aan alle toepaslike rekeningkundige vereistes voldoen en interne beheermaatreëls volg wanneer ons enige inligting aanteken, en die gepaste dokumentasie voorsien indien nodig.

Wanneer ons aan saketransaksies deelneem en dit later aanteken, moet ons nooit die volgende doen nie:

- Enige inligting valslik voorstel, hetsy mondelings of skriftelik
- Maatskappytransaksies verkeerd voorstel
- Fondse versteek

- Rekeninge skep wat nie openbaar gemaak word nie of wat onaangetekende fondse bevat
- Toelaat dat onwettige of onetiese rekeningkundige praktyke voorkom
- Transaksies in 'n verkeerde tydtydperk rapporteer
- Finansiële transaksies verkeerd klassifiseer

As u bewus gemaak word van enige onakkurate of onvolledige rekords, insluitend onder andere verkoopsrekords, ontvangbare rekeninge, koopbevele, fondsoorplasings en uitgawerapporte, is dit u plig om die saak aan die korporatiewe kontroleur se kantoor te rapporteer. Onthou, enige valse, oneerlik of bedrieglike aktiwiteit moet onmiddellik gerapporteer word aan die hoofouditeur, korporatiewe kontroleur en die Sakegedragkantoor.

### Rekordbehouding

Nog 'n manier waarop ons vertroue by ons aandeelhouers en die publiek kan inboesem is om ons rekords behoorlik te bestuur. Akkurate rekordbehouding help ons maatskappy om sy aansprake te ondersteun en om tred te hou van bates en ander sake. Om ons rekords doeltreffend te bestuur is 'n belangrike interne beheerreël. Dit help ons om in ons besigheid se behoeftes te voorsien en toepaslike dokumente te lewer indien nodig.

Om hierdie redes moet ons alle beleid en behoudingskedules wat in ons *Handleiding oor Rekordbestuur* en ander riglyne wat op al die plekke waar ons sake doen deur ons leierskap uitgereik is, navolg. Ons moet ook toepaslike wetlike of belastingrekordtydperke nakom, en dokumente nooit wysig of vernietig voordat die rekordtydperk afgeloop het nie.

By tye kan ons moontlik versoek word om deel te neem aan interne of eksterne oudits of ondersoeke van ons maatskappy se boeke en rekords. Daar word in sodanige gevalle van ons verwag om te voldoen aan alle sodanige oudits en ondersoeke, insluitend dié wat uitgevoer word deur regeringsinstansies, en om aan ouditeure en ondersoekers al die inligting te gee wat hulle nodig het. Ons mag nooit probeer om 'n ondersoek te vertraag deur toepaslike dokumentasie weg te steek, te vernietig of andersins daarmee te peuter nie.

## Akkurate eksterne kommunikasie

Ons het 'n verantwoordelikheid om openhartig en deursigtig te kommunikeer met ons aandeelhouers en die publiek. Dit beteken dat ons nie namens Monsanto moet praat nie tensy ons spesifiek daartoe gemagtig is. Om te voorkom dat ons vertroulike of onakkurate inligting bekend maak, het Monsanto aangewese woordvoerders aangestel om verklarings namens ons maatskappy af te lê. As u 'n navraag kry van 'n finansiële ontleder of belegger, verwys die versoek asseblief deur na Monsanto se Amerikaanse beleggerverhoudingskantoor, by 314-694-8149. As u 'n navraag kry van 'n lid van die media, verwys die versoek asseblief deur na Monsanto se Amerikaanse publiekesake-kantoor, by 314-694-6397.

---

V: Petro word geskakel deur 'n joernalis wat op soek is na inligting oor aantygings teen Monsanto se produkgehalte. Hoewel haar werksverantwoordelikhede nie insluit om met die publiek te praat nie, weet Petro toevallig dat die aantygings onwaar is. Mag Petro haar kennis met die joernalis deel, om slegte publisiteit te help voorkom?

A: Nee. Selfs al beskik Petro oor inligting wat die gerugte oor Monsanto se produkgehalte kan weerlê, mag sy dit nie deel nie, tensy sy gemagtig is om dit te doen. Die inligting wat sy besit kan dalk vertroulik wees, of dit moet dalk nog deur ander bronne binne die maatskappy bevestig word voordat dit vir die publiek vrygestel kan word. Petro moet eerder dat 'n

gemagtigde maatskappywoordvoerder die vraag beantwoord. Sy moet dus die joernalis deurverwys na Monsanto se Amerikaanse publiekesake-kantoor, by 314-694-6397 of na die plaaslike Kommunikasiebestuurder.

---

## Geen binnehandel of wenke nie

Ons maatskappy se aandele word publiek verhandel. Dit beteken dat ons as werknemers van Monsanto nie ons maatskappy se aandele mag koop of verkoop as ons in besit is van wesenlike niepublieke inligting nie. Wesenlike niepublieke inligting (ook binne-inligting genoem) is inligting wat oor die algemeen deur 'n redelike belegger as belangrik beskou sou word om te bepaal of hy die maatskappy se aandele moet koop, behou of verkoop. Inligting word as niepubliek beskou totdat die mark 'n geleentheid gehad het om dit te assesseer, en dit kan selfs verskeie dae neem nádat die inligting bekend gemaak is. Die volgende is voorbeelde van sake wat as binne-inligting beskou kan word:

- Wesenlike ontwikkelinge oor produkte of navorsingsrigting
- Vooruitskattings van toekomstige inkomste of verliese
- Wesenlike hangende of voorgestelde verkryging of samesmelting of verkoop van bates
- Besluite oor wesenlike litigasie
- Verklaring van aandeleverdeling of die aanbieding van bykomende sekuriteite
- Onaangekondigde veranderinge in senior bestuur

Hou in gedagte dat ons ook verbied word om aandele van 'n ander maatskappy te koop of te verkoop terwyl ons in besit is van binne-inligting oor daardie maatskappy. Voorts mag ons nie ander mense wenke gee oor hoe om aandele te verhandel op grond van binne-inligting wat ons besit nie, en ook nie transaksies met maatskappyaandelefondse "in SIP" aangaan terwyl ons oor binne-inligting beskik nie. Dit is nie net teen Monsanto se beleid nie, maar is ook moontlik onwettig. Oortredings van binnehandelwette stel die betrokke individue en ons maatskappy in die gevaar, en kan lei tot kriminele vervolging.

Indien u enige vrae het oor wat as binne-inligting beskou word, raadpleeg Monsanto se groep vir korporatiewe bestuur in ons regsafdeling.

# Ons verbintenis tot ons wêreld

## Omgewingsbeskerming

By Monsanto weet ons dat 'n groot deel van ons sukses te danke is aan die gemeenskappe waarin ons werksaam is. Om hierdie gemeenskappe, hul omliggende omgewings en ons wêreld as 'n geheel te beskerm, is dit ons beleid om te voldoen aan omgewingswette en -vereistes waar ons werk. Deur aan alle omgewingswette en -regulasies te voldoen, en ook aan ons maatskappy se beleid en prosedures, verseker ons 'n beter toekoms vir ons belanghebbers. Vir meer inligting oor Monsanto se omgewingsvereistes, raadpleeg die verwante beleide in Monsanto se ESH-handleiding.

V: Erika se werk vir die dag is klaar. Wanneer sy die vervaardigingsfasiliteit verlaat, sien sy dat een van haar kollegas iets direk op die grond naby die gebou uitstort wat lyk soos chemikalieë. Erika kan nie aan enige rede dink waarom haar kollega die opdrag sou kry om dit te doen nie, en sy is bekommerd oor wat dit aan die omgewing kan doen. Wat moet Erika doen?

A: Dit is goed dat Erika besorg is oor wat lyk na die onbehoorlike wegdoen van chemikalieë. As dit in werklikheid is wat aan die gebeur is, is daar geen verskoning vir haar kollega se optrede nie. Onbehoorlike wegdoen van sekere chemikalieë het 'n vernietigende uitwerking op die omliggende omgewing, en op die onmiddellike gesondheid en veiligheid van ander werknemers en individue naby die fasiliteit. Erika moet haar kollega onmiddellik uitvra oor wat die kollega doen, en haar bestuurder oor die situasie inlig. As sy nie daarmee gemaklik voel om sélf haar kollega aan te spreek nie, moet sy die saak onmiddellik direk aan die Sakegedragkantoor rapporteer.

## Geen omkopery of korrupte praktyke nie

As internasionale organisasie het ons maatskappy met verskeie korrupsiewette oral in die wêreld te make. Sodanige wette is ontwerp om ons te help om billik, eties, en deursigtig te skakel met regeringsbeamptes. Om aan internasionale korrupsiewette te voldoen, waaronder die Amerikaanse Foreign Corrupt Practices-wet ("FCPA"), moet nóg ons nóg ons derdeparty-agente ooit 'n regeringsbeampte probeer omkoop of werklik omkoop om 'n voordeel vir Monsanto te verkry. Derdeparty-agente sluit onder andere konsultante, verkopers, vragvervoerders en handelsverenigings in.

Omkopery is om enige iets van waarde te gee, soos geskenke, betalings, dienste, vermaak of gunste, in 'n poging om besigheid te verkry of te behou, of om andersins 'n regeringsbeampte se optrede namens Monsanto te beïnvloed. Die FCPA het 'n baie breë definisie van 'n regeringsbeampte, wat werknemers, politieke kandidate of werknemers van 'n besigheid of universiteit in regeringsbesit insluit op federale, deelstaat- of plaaslike vlak. Dit is nie altyd duidelik wat as 'n regeringsbeampte beskou word nie. Indien u enige vrae het oor of u met 'n regeringsbeampte te make het, kontak die Sakegedragkantoor voordat u voortgaan.

Ons moet nooit agteraf betalings aanvaar of aanbied nie. 'n Agteraf betaling vind plaas wanneer ons of ons derdeparty-agent 'n bedrag geld terugbetaal wat deel is van 'n bedrag wat reeds betaal is, as beloning vir die bevordering van sakereëlings. Hou in gedagte dat al

ons skakeling met regeringsbeamptes eerlik en bo verdenking moet wees. Oortredings van korrupsiewette kan ernstige gevolge hê vir beide die betrokke individue en Monsanto. Om hierdie rede moet u nooit enige iets van waarde aan 'n regeringsbeampte gee (selfs al dink u dit is 'n kleinigheid) voordat u magtiging van u streekswerksgroep vir sakegedrag verkry het nie. As u vrae het oor korrupsie- en omkoperywette, kontak gerus u streekswerksgroep vir sakegedrag, die Sakegedragkantoor of die regsafdeling.

### Gesondheid- en veiligheidsbetalings

By Monsanto kom ons gesondheid en veiligheid altyd eerste. Om hierdie rede laat ons maatskappy toe dat betalings aan regeringsbeamptes gemaak word indien 'n persoon se liggaamlike gesondheid of veiligheid in ernstige gevaar is. Om as egte gesondheid- of veiligheidsbetaling te kwalifiseer, in plaas van onbehoorlike omkoopgeld, moet die persoon in 'n ware noodsituasie wees waar daar 'n onmiddellike, ernstige gevaar vir iemand se persoonlike veiligheid is.

Alle gesondheid- en veiligheidsbetalings moet binne een (1) dag ná betaling aan die Monsanto se hoofraad, die korporatiewe kontroleur, toepaslike die streeksregshoof en die streeks- finansiële hoof gerapporteer word.

### Etiese valutatransaksies

Geldwassery is die proses waartydens individue of entiteite probeer om onwettige geld te verberg of te laat lyk of die bronne van daardie fondse wettig is. Sodanige fondse kan byvoorbeeld verkry word deur kriminele optrede, dade van terrorisme, dwelmhandel of belastingontduiking. Baie van die lande waarin ons werk het wette wat geldwassery verbied. Om verhoudings met persone of groepe te handhaaf wat by geldwassery betrokke is, kan Monsanto se reputasie en integriteit ernstig benadeel. In voldoening met internasionale geldwasserywette mag ons nooit willens wetens fondse aanvaar wat deur onwettige middele verkry is nie. As u vermoed dat enige Monsanto-klant of -sakevennoot betrokke is by geldwasseryaktiwiteite, moet u dit onmiddellik aan die regsafdeling rapporteer.

---

V: André onderhandel tans vir 'n nuwe raadgewende firma se dienste vir Monsanto. Monsanto verkry gewoonlik raadgewende dienste volgens 'n standaardtarief en -fooi. Hierdie spesifieke groep dring egter aan op 'n tarief wat 50% hoër is. André weet dat hierdie firma geweldige sukses behaal met regeringsbeamptes om regulerende goedkeurings te kry. Moet hy bekommerd wees voor hy voortgaan?

A: Ja. Abnormaal hoë kommissiefooie kan 'n aanduiding van iets wees, veral vir 'n maatskappy wat suksesvol is in die hantering van regeringsbeamptes. Dit kan daarop dui dat die firma ongepaste betalings aan regeringsbeamptes of -agentskappe maak om regulerende goedkeuring te kry. Dit is 'n hoogs korrupte praktyk, wat Monsanto glad nie goedpraat nie en nie sal duld nie. Voordat André met die onderhandelinge voortgaan, moet hy die regsafdeling kontak vir hulp.

---

## Voldoening aan Amerikaanse internasionale handelswette

Invoer en uitvoer is daaglikse aktiwiteite by Monsanto. As internasionale maatskappy voer ons ons produkte oral in die wêreld uit en voer ons produkte in van verskeie lande. Sodanige handel word in Amerika gereguleer deur internasionale handelswette.

Uitvoer vind plaas wanneer ons produkte, dienste, tegnologie of sagteware verskeep na 'n entiteit van Monsanto of 'n nieverwante entiteit in 'n ander land. Tegnologie (bv. tegniese inligting) wat via e-pos of selfs mondelings oorgedra word aan 'n nie-Amerikaanse burger in die Verenigde State of aan 'n individu in 'n ander land word ook as 'n uitvoer beskou. Voordat iets uitgevoer word, moet ons verifieer dat die ontvanger in aanmerking daarvoor kom om die item sonder vooraf goedkeuring van die regering te ontvang, of indien die regering se goedkeuring vereis word, die ontvanger dit gekry het. Wat invoere betref moet Monsanto verseker dat enige aksyns of fooie behoorlik betaal het, en alle multiregeringsagentskap-permitte, beveiligingsdokumentasie, doeane-inskrywingsdokumente en ander dokumente verkry is.

As u werksverantwoordelikhede internasionale handelsaktiwiteit insluit, is dit belangrik dat u al die nasionale en plaaslike regulasies ken en dit volg wat betrekking het op ons invoer- en uitvoerbedrywigheid. Almal van ons (werknemers én kontrakteurs) moet ons plaaslike spanne oor internasionale handel en voldoening raadpleeg voor ons enige verdere stappe doen om iets uit te voer of 'n invoer te aanvaar. Vir enige vrae, raadpleeg die plaaslike span oor internasionale handel en voldoening of die regsafdeling. Vir meer inligting, lees ons beleid oor internasionale doeane en invoer, en ons beleid oor internasionale uitvoerbeheer.

### Boikotwette

As gevolg van ons breë internasionale werksaamhede moet ons veral op die uitkyk wees vir onwettige boikotversoeke deur ons potensiële sakevennote. Lande soos die Verenigde State handhaaf boikotwette wat Monsanto en ander maatskappye verbied om saam te werk met ongemagtigde boikotte of ander praktyke wat handel beperk. As maatskappy wat in die VSA gesetel is, mag ons nie enige iets doen of sê wat dit kan laat lyk of ons deelneem aan 'n boikot wat nie deur die Verenigde State gemagtig is nie.

Deelname aan 'n onwettige boikot kan swaar gestraf word. Monsanto word verplig om sekere werklike of vermoedelike boikotversoeke aan die Amerikaanse regering te rapporteer. As u 'n boikotverwante versoek kry (hetsy mondeling of skriftelik), stel die regsafdeling onmiddellik in kennis.

### Ekonomiese sanksies en verbode partye

Handels- en ekonomiese sanksies is ook van toepassing op Monsanto se internasionale werksaamhede. Sodanige sanksies kan opgelê word deur die Verenigde State, die Verenigde Nasies, die Europese Unie, of enige ander land of groep lande, en beperk oor die algemeen skakeling met sekere lande. Voorts beperk die Verenigde State en ander jurisdiksies skakeling met bepaalde verbode partye (bv individue en entiteite wat op 'n swartlys is) wat betrokke is by aktiwiteite soos:

- Terrorisme
- Dwelmhandel
- Onwettige uitvoer of heruitvoer van beheerde tegnologie
- Verbode ondersteuning aan 'n gesanksioneerde land

Oor die algemeen mag Monsanto nie sonder vooraf goedkeuring van die regering sake doen met beperkte lande, individue of entiteite nie. Dit is ons verantwoordelikheid om van die toepaslike beperkinge in die plekke waar ons sake doen, bewus te wees en dit na te volg. As u vrae het oor watter lande of partye beperk word, kontak die regsafdeling.

## Gepaste politieke en liefdadigheidsbydraes

By tye kan ons maatskappy besluit om betrokke te raak by politieke aktiwiteite wat ons doelwitte help bereik wat ons boodskap as 'n maatskappy uitdra. Wanneer ons dit doen, moet ons ten volle voldoen aan toepaslike wette wat op sodanige aktiwiteit van toepassing is. In die Verenigde State mag ons maatskappy ook politieke aksiefondse opstel waartoe kwalifiserende individue kan bydra, indien hulle wil. Daardie fondse is onafhanklik van enige politieke party, organisasie of ampskandidaat, en deelname aan hulle is heeltemal opsioneel.

Ons maatskappy moedig ons aan om betrokke te raak by burgerlike sake en om deel te neem aan die politieke prosesse, hoewel ons dit net mag doen in ons eie tyd en op ons eie koste. Ons moet nooit Monsanto se eiendom, hulpbronne, tyd of fondse vir persoonlike politieke aktiwiteite gebruik nie. Dit geld ook vir enige liefdadigheidsaak of vrywillige werk, tensy amptelik deur Monsanto geborg. Voorts moet u nooit maatskappytegnologie soos e-poskommunikasie gebruik om voorspraak te maak vir godsdienstige of politieke sake wat nie vooraf deur Monsanto goedgekeur is nie.

Ons maatskappy raak ook van tyd tot tyd betrokke by stemwerwing. Stemwerwing verwys na diverse aktiwiteite, maar omvat altyd kommunikasie met regeringsbeamptes, wetgewers, reguleerders, beamptes uit die uitvoerende tak, of lede van hulle personeel. Stemwerwing word oor die hele wêreld streng gereguleer. As u werksverantwoordelikhede politieke stemwerwing insluit, moet u die toepaslike wette ken en navolg. Vir meer inligting, raadpleeg Monsanto se beleid oor Amerikaanse stemwerwing. As u buite die VSA werk, moet u u streek se regeringsake-beampte raadpleeg.

Hoewel dit ons maatskappy se beleid is om nie finansiële bydraes te maak aan politieke partye buite die Verenigde State sonder gepaste toestemming nie, maak ons soms korporatiewe bydraes tot Amerikaanse politieke partye, komitees of kandidate, onderhewig aan toepaslike wette.

---

V: Elke jaar neem Daniël deel aan 'n fondsinsameling wat deur sy kerk geborg word. In vorige jare het hy e-posse gestuur om sy kollegas van die gebeurtenis te laat weet en hulle uit te nooi om deel te neem of geld te skenk. Hy kry egter nie vanjaar soveel ondersteuning as waarop hy gehoop het nie. Daarom besluit hy om meer moeite te doen om die boodskap by sy kollegas te kry, deur elke dag e-posherinneraars te stuur en pamflette in die eetlokaal op te plak. Mag hy dit doen?

A: Nee. Hoewel Daniël aangemoedig word om deel te neem aan liefdadigheidsgebeurtenisse en hoewel hy beslis sy aktiwiteite in informele gesprekke aan sy kollegas mag noem, mag hy nie die maatskappy se rekenaar- en e-posstelsels daarvoor gebruik sonder toestemming nie. Om sodanige e-posse te stuur van sy Monsanto-rekening af kan die boodskap oordra dat Monsanto die saak amptelik steun. Voorts is dit onnodige afleiding, veral as 'n boodskap in oormaat gestuur word. Dit kan dalk kollegas irriteer of ontstel wat nie wil deelneem nie. Ten slotte mag Daniël nie maatskappytyd gebruik om steun vir sy fondsinsamelingsgeleentheid te werf nie, en mag hy net pamflette op maatskappyeiendom aanbring waar dit toegelaat word. Vir meer inligting oor Monsanto se werwingsbeleid, insluitend beperkte uitsonderings, raadpleeg u menslikehulpbron-beleidhandleiding.

---

## Kwytskeldings

Hoewel kwytskeldings van ons kode nooit verwag word nie, kan dit in bepaalde gevalle toegestaan word. Enige kwytskelding of wysiging van ons kode moet goedgekeur word deur Monsanto se direksie. Dit sluit in enige kwytskelding wat deur direkteurs en uitvoerende beamptes aangevra word, insluitend selfs ons uitvoerende hoof. Voorts moet sodanige kwytskeldings of wysigings publiek bekend gemaak word, soos deur toepaslike wetgewing of effektebeursreëls vereis.

# Vrae of kommentaar? Ons kan u help.

Kontak gerus die Sakegedragkantoor op verskeie maniere:

Web: www.contactBCOglobal.com / E-pos: business.conduct@monsanto.com

Posadres: Post Office Box 21526, St. Louis, Missouri 63132, VSA

2013-vrystelling

Indien u 'n anonieme vraag of kommer aan die Sakegedragkantoor wil stel, staan dit u vry om dit te doen. As u egter anonimiteit wil verseker, gebruik die webprogram- of posbus-metodes van kommunikasiemiddel. Monsanto-werknemers kan ook ons wenkhulplyn-nommers skakel van alle liggings oral in die wêreld waar ons sake doen. Die kontaknommers staan op ons interne webwerf by: http://www.monsanto.com/whoweare/Pages/business-conduct.aspx. In alle gevalle sal die name en identiteit van inbellers so ver moontlik vertroulik gehou word, in voldoening met wetlike vereistes. Let ook op dat Monsanto se beleid vergelding teen werknemers wat probleme in goeder trou rapporteer, verbied.

Monsanto en Vine Design® is 'n geregistreerde handelsmerk van Monsanto Technology LLC.

©2013 Monsanto Maatskappy.